# FRESH – 'n Nuwe Begin - Josua 7: Die moontlike kan moontlik word

## Inleiding

Wat was jou ervaring gebeur as 'n mens sonde wegsteek?  Waarom dink julle steek mense sonde weg?

## Agtergrond

Na die groot oorwinning oor Jericho was die volgende stad wat hulle moes inneem, die klein stad Ai. Maar Israel word verneder en beleef hulle eerste nederlaag teen hulle vyande.  Die onmoontlike oorwinning oor Jericho word gou vergeet, want skielik is dit wat hulle gedink het maklik en moontlik is, skielik onmoontlik!

## Skriflesing:  Lees Josua 7

**1. Wat was Akan se sonde en hoekom dink julle was die straf daarop so erg? (6:17-19, 7:1, 21)**

*God is baie ernstig oor sonde en ons lees op baie plekke in die Bybel dat God sonde baie ernstig straf. Ons is dalk nie so ernstig nie en dalk besef ons nie altyd die volle implikasies daarvan nie.*

**2. Wat was die gevolge van Akan se sonde?**

- Op hom en sy mense – **v 25**
- Op die hele volk – **v 4-6**
- Op God se plan vir Israel met die Beloofde Land – **v 9, 12-13**
- Op hulle getuienis – **v 9**

*As ons nie met sonde in ons lewens deal nie, kan ons nie oorwinning oor ander sake behaal nie. So dalk is dit die rede hoekom ons sukkel om te groei!*



3. **Hoe vernietig sonde God se plan met ons?**

4. **Hoekom gee ons soms toe aan versoekings? Hoekom maak ons dieselfde foute oor en oor? Watter foute het Israel hier gemaak?**

   a. Akan dink hy het ekstra goud en silwer nodig – hy vertrou nie dat God sal voorsien nie. hoe is sonde soms die bewys dat ons God nie vertrou nie?

   b. Voor Jericho bid hulle en soek hulle God se wil, maar nie voor Ai nie. Hoe kon dit dalk die aanval teen Ai anders gemaak het?

   c. Ons doen baie moeite om te bid en God se wil te soek in groot besluite. Hoekom doen ons dit nie altyd in alledaagse kleiner sake nie?

5. **Die nederlaag bring Israel terug na hulle knieë toe – v 6.** Soms kom ons eers na die Here toe as al ons ander planne nie uitwerk nie of as ons in groot moeilikheid is, of big time droog gemaak het. **Dit is ons konneksie met God wat ons red! Watter opdragte gee God vir Josua en wat beteken dit vir ons vandag?**
   **a. v 10**

   **b. v 13**

   **c. v 14**

6. **Jy kan niks inruil vir regmaak met God nie. Moenie dit uitstel nie.** Moenie eers kom as jy uitgevang word nie – vir Akan was dit te laat – hy kon al baie vroeër uitgekom het. Net dalk sou kon dit sy lewe gered het. Daar is 'n pad terug. **Wat leer ons in 1 Joh 1:7-9 hieroor?**

**Bid saam vir sake wat opgekom het in julle gesprekke. Gee kans vir elkeen om op hulle eie hulle sonde voor die Here te bely en vergiffenis te vra.**

